Publication: Sake (Rapport)
Date: Sunday, October 21, 2018
Page: 5

# Voorwaardes in testamente sorg soms vir krapperigheid

Nico van Gijsen



**Raad met jou rande**

Gereelde lesers van die rubriek weet seker teen dié tyd dat jy jou goed mag bemaak soos jy wil. Ons noem dit testeervryheid, 'n beginsel wat sterk in ons reg gevestig word.

Maar tog kry ek gereeld vrae of klagtes van ongelukkige erfgename wat meen daar moes darem méér na hul kant toe gekom het. En veral as daar 'n voorwaarde in die testament gestel is waaraan hulle moet voldoen voordat hulle mag erf, kan dit nogal krap.

Sowat twee jaar gelede het ek hier geskryf oor 'n pa wat sy seun onterf het (in die saak Van Vuuren vs. die Meester en ander), glo omdat hy rook. Dit was nie 'n voorwaarde in die testament self nie, dit was 'n voorwaarde nog voordat hy die testament opgestel het en dien net as 'n voorbeeld dat jy kan bemaak soos jy wil (die saak het om 'n ander rede in die hof beland as die rook-storie).

Sussie erf die strandhuis, op voorwaarde dat sy haar studie voltooi, sou byvoorbeeld 'n sinvolle voorwaardeklousule in 'n testament wees. Jy kan ook iets bemaak wat aan iemand anders behoort. Soos, ek bemaak (sê maar) my jaggewere aan my seun Jannie, op voorwaarde dat hy sy motor aan sy suster Griet gee.

Die punt hiermee is dat 'n mens soms iemand wil bevoordeel ná jou dood, maar weens die aard of samestelling van jou bates is dit nie moontlik om regstreeks bemakings aan elkeen te doen nie. Dit is waar voorwaardes, soos hierbo genoem, ter sprake kom. Solank as wat dit nie teen die openbare orde is nie, is dit heel aanvaarbaar.

Ons sien byvoorbeeld in die saak Oosthuizen vs. Bank Windhoek (1991) waar die oorledene bepaal het dat sy dogter se erfenis in trust gehou word totdat sy van haar man geskei het. Die hof het gemeen dit is teen die openbare orde, omdat dit die ontbinding van 'n huwelik aanmoedig.

Die meer gebruiklike soort testamentêre voorwaarde is wat ons noem beperkte regte, soos 'n vruggebruik (waaroor ek gereeld hier skryf) en die sogenaamde fideicommissum. Kortliks beteken dit jy gee iemand 'n reg op eiendom, of die gebruiksreg op eiendom, terwyl die eiendom self eintlik aan iemand anders bemaak word.

Met 'n fideicommissum word die eiendom bemaak aan iemand met die voorwaarde dat by 'n sekere gebeurtenis, of ná die verloop van 'n sekere tyd, daardie bate sal oorgaan na 'n ander begunstigde wat jy vooraf bepaal het. Met vaste eiendom, byvoorbeeld 'n plaas, word die getal opeenvolgende erfgename statutêr beperk tot twee.

Met 'n fideicommissum gaan die bate oor na die erfgenaam en word hy of sy die eienaar met volle benutting van die voordeel tot by die voldoening aan die gestelde voorwaarde.

Met 'n vruggebruik daarenteen gaan net die blote eiendom oor na die uiteindelike erfgenaam, terwyl die vruggebruiker die voordeel - die sogenaamde "vrugte" - hou tot by die beëindiging van die vruggebruik.

Sou jy 'n voorwaarde in jou testament wil inbring, is daar twee belangrike punte wat jy moet onthou.

Die eerste is dat die bedoeling duidelik uit die testament self moet blyk. Indien nie, word aangeneem dat dit nie jou bedoeling was nie.

Tweedens, maak doodseker dat as jy 'n voorwaarde stel, jy in jou testament ook 'n alternatief bepaal, sou die erfgenaam die voorwaarde nie aanvaar nie.

■ **Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen**

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.